

Die Mag Van Die Seun



2026-09-27
AGS Rayton
Past Gustav van Aardt



Markus 2:1-12

Mar 2:1 En ná 'n paar dae het Hy weer in Kapérnaüm gekom, en die mense het **gehoor** dat Hy in die huis was.

Mar 2:2 En dadelik het baie saamgekom, sodat daar selfs by die deur nie meer plek was nie; en Hy was besig om aan hulle die **woord** te verkondig.

Mar 2:3 En daar kom mense na Hom met 'n verlamde man wat deur vier gedra word.

Mar 2:4 En toe hulle vanweë die skare nie naby Hom kon kom nie, **maak hulle die dak oop** waar Hy was, en nadat hulle dit oopgebreek het, het hulle die bed waar die verlamde op lê, laat afsak.

Mar 2:5 En toe Jesus **hulle geloof** sien, sê Hy vir die verlamde: **Seun**, jou sondes is jou vergewe!

Mar 2:6 En sommige van die skrifgeleerdes het daar gesit en in hulle harte geredeneer:

Mar 2:7 Waarom praat hierdie man so godslasterlik? Wie kan sondes vergewe behalwe Een, naamlik God?

Markus 2:1-12

Mar 2:8 En Jesus het dadelik in sy gees geweet dat hulle by hulleself so redeneer, en Hy sê vir hulle: Wat redeneer julle oor hierdie dinge in jul **harte**?

Mar 2:9 Wat is makliker, om vir die verlamde te sê: Die sondes is jou vergewe! of om te sê: Staan op en neem jou bed op en loop?

Mar 2:10 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens **mag** het om op die aarde **sondes te vergewe**—sê Hy vir die verlamde man:

Mar 2:11 Ek sê vir jou: Staan op, neem jou bed op en gaan na jou huis toe.

Mar 2:12 En dadelik staan hy op en neem sy bed op en gaan voor die oë van almal uit, sodat almal verbaas was en God verheerlik en sê: **So iets het ons nog nooit gesien nie!**

Sondes en Genesing gaan hand aan hand

Jes 53:5 Maar Hy is ter wille van **ons oortredinge** deurboor, ter wille van **ons ongeregtighede** is Hy verbrysel; die **straf** wat vir ons die vrede aanbring, was op Hom, **en deur sy wonde het daar vir ons genesing** gekom.

1Pet 2:24 wat self ons **sondes** in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die **sondes kan afsterwe** en vir die geregtigheid lewe; **deur wie se wonde julle genees is.**

Jesus het die mag om te oordeel

Joh 5:22 Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele **oordeel aan die Seun gegee,**

Joh 5:27 En Hy het Hom mag gegee om ook te oordeel, omdat Hy die Seun van die mens is.

Jesus het die mag om ewige lewe te gee

Joh 17:2 soos **U Hom mag oor alle vlees** gegee het, sodat Hy aan almal wat U Hom gegee het, **die ewige lewe kan gee.**

Jesus skenk bekering en verlossing

Mar 2:10 Maar dat julle kan weet dat die Seun van die mens **mag het om op die aarde sondes te vergewe**—sê Hy vir die verlamde man:

Hand 5:31 Hom het God as Leidsman en Verlosser deur sy regterhand verhoog om aan Israel **bekering en vergifnis van sondes te skenk**.

Mag om Sy lewe af te lê en weer op te neem

Joh 10:18 Niemand neem dit van My af nie, maar Ek lê dit uit Myself af. **Ek het mag om dit af te lê en Ek het mag om dit weer te neem**. Hierdie gebod het Ek van my Vader ontvang.